

SONDAGSKOOL LES: Wie is ek?

Doel van les:

- Inleiding vir die reeks wat kom oor identiteit in Christus.

Vraag in kleingroepe:

- Wat dink julle is die dinge wat mens se 'identiteit' opmaak? Wat maak dat jy, jy is?

Hulp vir leiers:

Identiteit is die dinge van 'n persoon wat hom of haar

- uniek (baie spesiaal, sonder iemand wat presies so is),
- raar (daar is min mense soortgelyk) en
- waardevol (belangrik en onmisbaar) maak.

Het jy al ooit die bak uitgelek as jou ma/ouma koek of poeding gebak het? Lekker! Maar het jy al ooit die koeksoda of bakpoeier net so geëet? Niks lekker nie! Tog is dit belangrike bestandele om die koekies reg te laat bak.

Jou identiteit is amper soos die koekie-deeg, daar is 'n hele paar bestandele wat op 'n sekere manier gekombineer en saamgemeng word om uiteindelik jou te 'bak'. Jy is 'n unieke mengsel van jou persoonlikheid, gawes en talente, agtergrond, fisiese vermoëns ens. Party van jou 'bestandele' is dalk nie so positief soos wat jy dit graag sou wou hê nie, maar op die ou einde maak hierdie mengsel van goed, die unieke jy!

Ysbreker 1 (10 min):

- Teken 'n prent of maak 'n "logo" met die titel: *Wie is ek*. Met ander woorde as iemand na jou prentjie/logo kyk, sal hulle 'n goeie idee kan kry oor wie jy is, hoe jy jouself sal beskryf.

Kry terugvoering.

Ysbreker 2 (10 min):

- Volgende moet die groepe 'n klei uitbeelding maak met die volgende titel: *Wie is ek in Christus*. Gee vir hulle klei, krale, knopies en roomys stokkies en laat hulle iets ontwerp wat die vraag beantwoord.

Kry terugvoering.

Vrae in groepe:

- Watter een van die Wie vrae kon jy die maklikste antwoord? Hoekom?

Kry terugvoering.

Sê: Ons wil graag hierdie jaar met julle gesels oor wie ons is in Christus. Ons het dalk al daardie term baie gehoor, maar nie baie mense verstaan of besef wat dit werklik vir hulle beteken nie. Wanneer ons ons harte vir Jesus gee, kry ons 'n nuwe identiteit oor wat Jesus vir ons gedoen het aan die kruis. Ons is nou "in" Christus. Ons kan weet dat ons waarde kom deur wie ons is in Christus en nie wat ander van ons dink nie. Ek wil vir julle vra om asbjulle prent te hou en op 'n plek veilig te sit. Teen die einde van ons reeks gaan ons weer hierdie twee vragies teken en dan vergelyk met vandag sin.

Groepieier: Lees Psalm 139:14 in groepe.

Sê: Elkeen van ons kan weet dat ons met groot liefde en sorg deur God gemaak is. Ons is wonderlik is Sy oë. As jy gesukkel het met die prente teken, het jy reeds deur net hierdie een vers van die Psalm te lees oorgenoeg om te teken in antwoord op die vraag.

Sluit af met gebed in groepe.

Hierdie les is aangepas uit Dinkjeug les oor Identiteit **Graad 6&7 bediening**
Kwartaal 1: "Terugskooltoe"
Tema: Identiteit